Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 5/3/2021

GELUK: 6DE IN SUID-AFRIKA!

Baie geluk aan Carlo Schmahl (Graad 8) wie op die 2020 SA Skole Sportsterre Ranglys in die 6de posisie vir hoogspring seuns 0/13 geplaas is. Hy bereik hierdie prestasie met 'n praghoogte van 1.60 m.

JUNIOR STADSRAAD

Baie dankie aan elke Gr 10-leerder wie aansoek gedoen het vir die posisie op die Junior Stadsraad. Na onderhoudvoering wens ons vir Corné Jordaan geluk, wat verkies is as die Gr 10-verteenwoordiger van Die Hoërskool Wonderboom op die Junior Stadsraad.

DIE GEBRUIK VAN DIE D6-TOEPASSING

Ouers word daaraan herinner dat hulle die gedrag en akademiese vordering van hul kinders op die D6-toepassing kan volg. Hulle kan ook van die toepassing gebruik maak om met behulp van die beursie u betalings te maak. **Besoek gerus ons webwerf by www.wonnies.co.za om die toepassing af te laai.**

INTERHUIS ATLETIEK

Met groot opgewondenheid kon ons op Donderdag, 25 Februarie en Vrydag, 26 Februarie Interhuis Atletiek hou. Geluk aan die huiswenners:

1. Vikings
2. Samurai
3. Knights
4. Spartane

DIE WOLKSKOOL

Goeie nuus rakende die Wolkskool is dat leerders nou gratis enige lesse kan aflaai, indien hulle van die Wolkskool-toepassing gebruik maak. Laai net die toepassing af en teken aan met die aanteken-besonderhede soos wat verskaf is aan die leerder. Daarna kan leerders tot 1GB se lesse per maand kosteloos aflaai.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

ATLETIEK OEFENING 2021

Die atletiekseisoen het afgeskop en graag wil ons leerders uitnooi om deel te word van dié oefening. Kyk gerus na die oefentye en skakel in.

ORGANISEERDER : Mnr E Jordaan
SPANBESTUURDER : Me N Crous

1. **NAELLOPE & MIDDELAFSTANDE (100m tot 3000m)**
   Maandag, Woensdag & Donderdag 14:30 – 16:00
   Coach Gert Snyder
2. **HEKKIES & VERSPRING/DRIESPRONG**
   Maandag, Dinsdag & Woensdag 14:30 – 16:00
   Me N van Niekerk & Coach Charmain Barnard
3. **GEWIGSTOOT**
   Maandag tot Donderdag 14:30 – 16:00
   Mnr B Deysel & Mnr E Louwrens
4. **SPIESGOOI**
   Dinsdag, Woensdag & Donderdag 14:30 – 16:00
   Mnr L Roodt & Coach Dave Ludeke
5. **HOOGSPRING**
   Maandag tot Donderdag 14:30 – 16:00
   Juf M Shrives & Juf E van Niekerk
6. **DISKUS**
   Maandag, Woensdag & Donderdag 14:30 – 16:00
   Mnr E Jordaan

Vir enige navrae, kontak gerus mnr. E Jordaan by atletiek@wonnies.co.za of die afrigters betrokke by elke item.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF